

Nico van Gijsen: Wat jy by ouens soos Max Verstappen kan leer oor jou lewe

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-wat-jy-by-ouens-soos-max-verstappen-kan-leer-oor-jou-lewe-20261017-0896



Die lewe is nie 'n gejaag van begin tot by die eindstreep nie, so jy moet week ná week op jou beste wees, skryf Nico van Gijsen.

Verlede week lees ek 'n onderhoud met die viermalige Formule 1-kampioen Max Verstappen. Wat hy te sê had, het my laat dink aan finansiële beplanning.

Renjaer? Finansiële beplanning? Toemaar, my kop werk mos maar so.

Dit waarna hy die meeste uitsien, dit wat vir hom die lekkerste is, sê hy, is om tyd saam met sy gesin deur te bring. En om met die kinders te kan speel.

Dit het my dadelik getref. As gesinsman, as pa en as oupa, oor waar die waarde van die lewe lê. Maar ook as gesertifiseerde finansiële beplanner, oor die belangrike

onderliggende rede vir die behoorlike beplanning van jou geldsake – jou gesin.

En ek sien lesse wat ons kan ter harte neem uit Formule 1.

Die lewe is nie 'n gejaag van begin tot by die eindstreep nie. Om sukses te behaal, moet jy behoorlik beplan, jou strategie moet reg wees, jou motor moet topklas wees en jy as renjaer moet fiks, gesond en op jou beste funksioneer.

Om een wedren te wen, is nie genoeg nie. Jy moet week ná week op jou beste wees, jy, jou kar en jou span. Dis 'n marathon van wedrenne.

Jy hoef nie almal te wen nie. Jy moet wel die beste doen wat jy kan met wat jy het. So ook in die lewe.

Daar is drie faktore wat saamwerk en 'n invloed uitoefen op hoe suksesvol jy jou lewenswedren gaan ry. Ek kyk kortliks na elkeen.

Liggaamlike gesondheid

'n Gesonde mens funksioneer nou eenmaal net stukke beter. Dit is al hoeveel keer bewys.

Formule 1-renjaers is topfiks. Hulle moet wees. As jy 60, 70 keer om 'n baan jaag teen meer as 300 kilometer per uur die een oomblik en 50 kilometer per uur die volgende, kan jy dink wat die uitwerking van die swaartekragversnelling aan veral jou nek gaan doen.

Dieselfde met jou eie lewe en jou gesinslewe. Sterk en gesond is nou eenmaal beter. Dit raak jou verhouding met jou gade of lewensmaat. En met veral kleinkinders is sterk en gesond 'n vereiste, glo my, ek weet.

Geestesgesondheid

'n Gesonde gees is die grondslag vir alles in jou verhoudingslewe, in jou gesinslewe. Net soos op die renbaan. Kan jy dink hoe ver gaan 'n renjaer kom as sy of haar kop nie reg ingestel is nie? As jy twyfel wanneer jy in 'n breukdeel van 'n sekonde 'n besluit moet neem wat eenkant toe sukses en anderkant toe 'n ongeluk tot gevolg kan hê.

My baie eenvoudige resep vir goeie algemene geestesgesondheid is moenie jou lag verloor nie. En ek bedoel nie om soms te lag vir jou kollega se lawwe grappies nie.

Lag vir jouself. Dit is die sleutel. As jy jou lag verloor, is dit laat in die dag. Die lewe is nie so ernstig nie. Geniet dit.

Finansiële gesondheid

Dit is die derde been van my drie faktore wat jou lewenspad kan maak of breek. Hy is net so belangrik soos die twee hierbo. Die drie loop saam.

Ons sien met Formule 1 hoeveel beplanning daar ingaan. En hoe die strategie tot in die fynste besonderhede uitgewerk word.

Net soos in 'n wedren, is dit belangrik om behoorlike finansiële beplanning te doen. Dit gaan nie net om 'n paar rand te belê nie, dit gaan nie om 'n polis of twee te koop nie (met of sonder tientalle foefies wat niks beteken nie).

Daar moet 'n plan wees. Waar is ek? Waar wil ek wees? Hoe pas dit in met my plan vir myself, vir my gade, of lewensmaat, vir my kinders, vir my kleinkinders?

Ons almal gaan soms deur moeilike tye. Is daar 'n werkbare plan vir onverwagte, maar nie onseker, lewensgebeure soos dood, ongeskiktheid of 'n gevreesde siekte? Is jou aftrede op 'n suksespad of wag daar vir jou 'n bad van trane?

Die gebrek aan 'n doelgerigte finansiële plan en behoorlike geldbestuur kan jou gesondheid knou en jou geestesgesondheid in 'n hopelose donker moeras instuur.

Kundige hulp

Ek hoor gereeld van die en daai wat ewe windgat verkondig dat hulle hul eie geld belê. En bespaar op kommissie.

Weet hulle wat hulle verloor aan groei? Weet hulle hoe en waar daardie geld inpas by hul planne vorentoe, vir hulself, vir hul families? Is hulle bewus van die belastingslaggate, in lewe en daarna?

Of is daar nie 'n plan nie? Hulle betaal maar net nie kommissie nie.

As 'n beleggingsfonds, weens die normale siklus van bates en bateklasse, skielik sy woema verloor en 'n negatiewe groei lewer, gaan hulle verkoop? En dan in 'n fonds belê wat beter presteer het?

Natuurlik gaan hulle. Ek sien dit. Hulle verkoop laag en koop hoog. Want hulle is slim. Dis 'n kenmerk. Niemand verkoop tog 'n fonds wat goed gegroei het nie, of wat praat ek?

En niemand belê tog in 'n fonds wat swak gevaar het nie. Behalwe as jy die kennis en insig en ervaring het van 'n kundige beleggingsraadgewer.

Dieselfde met liggaamlike en geestesgesondheid, hoeveel mense kry hul mediese inligting deur Google? En sit dan met 'n lys verbeeldingskete wat hulle heeltemal depressief maak.

Terwyl daar dokters is wat kan sê wat fout is, wat medisyne of die regte behandeling kan voorskryf. As dit nodig is.

Jy weet nie wat jy nie weet nie. Kry kundige hulp. Net 'n gek glo sy eie onkunde.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za